



Nederduitse Gereformeerde Kerk EEN LIGGAAM EN EEN GEES

Beste kollega,

'n Aantal lidmate het via hul regsverteenvoerders 'n skrywe aan die Kerk oor selfdegeslagverbintenisse gestel. Dit maak 'n aantal aannames en stel die kerk dan voor 'n ultimatum. Hierdie aksie het dadelik in mediaberigte aandag gekry.

Die ultimatum eis dat die kerk onmiddellik aansoek doen by die Dept. Binnelandse Sake rondom die sluit van selfdegeslagverbintenisse. Bepaalde interpretasies in die brief bring die integriteit van die afgelope ASM vergadering en sy lede ingedrang en verdien aandag. Ek maak die volgende opmerkings:



- Die brieffskrywer beskuldig die moderamen van vertragingstaktiek. Dit is 'n besonder onbillike aanname. Normale kerklike prosedure, waarvolgens sake op 'n kerklike wyse hanteer word, behels dat die moderatuur die konseptonotule van die moderamen by die volgende geskeduleerde moderatuursvergadering in behandeling neem. Die volgende geskeduleerde vergadering is op 7 November. Dit is uit en uit die prerogatief van die moderatuur, tensy die moderamen andersins besluit, om te bepaal watter besluite, wanneer, hoe en deur wie uitgevoer moet word. Soos ons weet is besluite van 'n vergadering nie van krag voordat die notule daarvan goedgekeur is nie. Om 'n besluit wat op 7 September deur die moderamen geneem is, op 12 September van vertragingstaktiek te beskuldig, is doodgewoon kwaadwillig. Dit afgesien van die feit dat die besluit om aansoek by die Dept Binnelandse Sake nie op die tafel was nie.

- Die brieffskrywer maak die aanklag dat dit die diepste bedoeling van die moderamen is om die 2015 besluit van die Algemene Sinode om te keer. Die brieffskrywer gaan van die ongekwalifiseerde standpunt uit dat die hele ASM met 'n bose sameswering besig is. Dit sluit alle lede in ongeag hulle posisie ten opsigte van die 2015 besluite. In die geval maak die brieffskrywer hom skuldig aan die belasting van die integriteit van die hele moderamen.

- Die brieffskrywer eien homself erkenning toe dat die regsadvies, deur hom aangebied, gelei het tot die herstel van die 2015 besluite. Die besluit is egter geneem op grond van 'n revisievoorstel, deur twee lede van die moderamen, waarvan al tydens die Maart 2016 ASM vergadering kennis gegee is. In die revisievoorstel se beredenering is daar hoogstens verwys na die brieffskrywer se vorige brief en aanbevelings.

- Dit is hartseer dat daar gepoog word om hierdie geweldige sensitiewe saak op 'n onkerklike wyse te besleg. Heelwat kollegas, ongeag hulle posisie ten opsigte van

selfdegeslagverbintnisse, het hulle onvergenoegdheid oor die onkerklike hantering uitgespreek. Om die kerk met die hof te dreig en dit dan telkens so gou as moontlik met 'n persberig op te volg, is onvanpas. Dit is in stryd met die kerklike weg soos verwoord in artikel 23.2:

“Lidmate, ampsdraers en predikante in diens van die kerkverband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk mag hulle nie tot die burgerlike hof wend in hulle beswaar teen 'n kerkvergadering se besluit(e) nie, voordat hulle nie eers die kerklike middele tot hulle beskikking aangewend en uitgeput het nie.”

Mag ons in hierdie uitdagende tyd die teenwoordigheid van die Hoof van die Kerk op 'n besondere manier ervaar deur wysheid en die leiding van sy Gees. Laat ons ook die woorde van Darrell Guder ernstig neem: *“Disagreeing Christianly is one of the most powerful forms of incarnational witness the church can practice.” (The Continuous Conversion of the Church)*

Saam in Sy diens

Gustav Claassen

Algemene Sekretaris

Nederduitse Gereformeerde Kerk
